

Die belastingstruktuur moet in lyn met die groeidoelwit wees

Die aandag is sterk gefokus op die wysigings aan die belastingbedeling in vanjaar se Nasionale Begroting, in Februarie 2017 deur Minister Gordhan gelees, aangesien die Nasionale Tesourie sy verklaarde voorneme om 'n bykomende R28 miljard oor die huidige finansiële jaar van belastingbetalers in te samel, deurgevoer het.

Die Minister het, heeltemal tereg, besluit om ekwiteit te bevorder in die belastingstelsel, deur 'n nuwe boonste marginale belastingkategorie bekend te stel en die top marginale belastingkoers van 41% na 45% te verhoog. Ook het die Tesourie, ten einde "horisontale ekwiteit" te bevorder, die terughoubelastingkoers op dividende van 15% na 20% verhoog (wat na raming 'n bykomende R6.8 miljard in inkomste sal lewer), om die gaping tussen die top marginale inkomstebelastingkoers vir individue en die gekombineerde statutêre belastingkoers op dividende¹ te vernou.

Waar daar van die bekendstelling van die nuwe top marginale belastingkategorie en belastingkoers verwag word om R4.4 miljard tot die nasionale belastinginkomste toe te voeg, sal die groot meerderheid van belastingbetalers egter getref word, aangesien die Minister nog R12.1 miljard opraap deur slegs gedeeltelik vir blokkruiping ten bedrae van R2.5 miljard te vergoed. Volledige verligting deur die aanpassing van belastingkategorieë sou R14.6 miljard beloop het.

Indirekte belasting, die gewone sondebelastingverhogings en die aanpassing van die brandstof- en POF-heffings, in die Tesourie 'n verdere R5.1 miljard, maar die algehele belastingverhogings bevorder die insameling van direkte belasting en belasting op inkomste uit spaargeld, eerder as indirekte belasting.

Uit die oogpunt van die ondersteuning van groei, is hierdie aanpassings nie optimaal nie. Die terughoubelasting op dividende verlaag die opbrengs op spaargeld, wat, met inagnome van Suid-Afrika se tekort aan besparing om investering te finansier, nie ideaal is nie, terwyl verhoogde belasting op inkomste die aansporing om te werk verlaag.

'n Beter opsie sou gewees het om die BTW-koers te verhoog. 'n 1% verhoging in BTW kon die grootste deel van die ekstra R28 miljard gelewer het wat die Tesourie in die huidige finansiële jaar wou invorder, met die bykomende voordeel dat verbruik eerder as besparing geteiken word. Daar is betoog dat BTW nie verhoog moet word nie, omdat dit 'n regressiewe belasting is. Nietemin kan hierdie nadeel deur zero-taksering en uitsluitings met betrekking tot produkte wat die grootste gedeelte van die inkopiemandjie van die armes uitmaak, aangespreek word. Die Nasionale Tesourie meld inderdaad in sy 2017 Begrotingsoorsig dat BTW eintlik marginaal progressief is. Ook in die 2016 Begrotingsoorsig is gemeld dat Suid-Afrika se BTW-koers laag is, vergeleke met ander lande en dat persoonlike en maatskappy-inkomstebelastingkoerse vergelykenderwys hoog is.

Vir die toekoms is die vraag of die belastinglas verder gaan verhoog, of nie. Inligting tans beskikbaar dui daarop dat die antwoord ja is. Daar word verwag dat gekonsolideerde regeringsinkomste van 29.4% van BBP in 2016/17 na 29.8% van BPP in 2017/18 en verder tot 30.1% van BBP teen 2019/20 sal styg. Die Tesourie het spesifiek aangedui dat dit waarskynlik bykomende inkomsteverhogings-maatreëls in werking sal stel, wat in die belastingjaar 2018/19 'n totaal van R15 miljard sal beloop.


Ten minste kan die bespreekte bekendstelling van suikerbelasting, verwagte opbrengs uit die vrywillige bekendmakingsprogram vir nienakomende belastingbetalers met onverklaarde buitelandse bates en maatreëls

¹ Korporatiewe inkomstebelasting word voor die distribusie van dividende betaal

om basis-erosie en oordragprysvasstellingstaktiek deur maatskappye teen te werk, beduidende bedrae in inkomste, wat nog nie by die Tesourie se inkomstevooruitskattings ingesluit is nie, invorder.

Alles in ag genome, ten einde die bruto leningskuldverhouding teen ongeveer 53% van BBP in 2018/19 te stabiliseer, moet die ekonomie 'n volgehoue ekonomiese opswaai lewer, met geen ruimte vir netto nuwe besteding aan, byvoorbeeld, die broodnodige verbeteringe in die gesondheidsdienssektor nie. Die hoofbegroting se besteding per capita, rente uitgesluit, het oor onlangse jare inderdaad onveranderd gebly, aangesien die Tesourie pligsgetrou by sy uitgaweplafon gehou het. Intussen, hoewel die Minister bestedingsbesnoeiings van R26 miljard oor die volgende twee jaar aangekondig het, is hierdie bedrag bo en behalwe die R25 miljard bestedingsbesnoeiings wat vir 2017/18 en 2018/19 aangekondig is, toe die begroting in Februarie 2016 gelees is. Gevolglik beloop kumulatiewe bestedingsbesnoeiingsmaatreëls oor die tydperk R51 miljard.

SA regering se bruto leningskuld – histories en vooruitgeskat



Bron: SA Reserve Bank, SA National Treasury

Dit alles laat Suid-Afrika in 'n onbenydenswaardige posisie. Te oordeel aan ondervinding elders, behels 'n ideale fiskale konsolidasieprogram die vermindering van die regering se verbruiksbesteding ten gunste van kapitaalbesteding, beskerming van die openbare sektor se balansstaat en die belyning van belastingbeleid om spaar en reële ekonomiese aktiwiteit te ondersteun.

'n Werkloosheidskoers van 26.5% maak dit egter moeilik om besteding verder te besnoei. Voorts, met die verhoogde klem op die belas van inkomste en spaargeld en die verswakkende tendens in die openbare sektor se balansstaat in ag geneem, is dit duidelik dat Suid-Afrika nie op die pad van optimale fiskale konsolidasie is nie, wat impliseer dat langtermynrisiko bly voortduur, ook vir belastingbetalers.

Moontlike aanpassings word nie beperk tot belastingkoerse nie. In die Mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring van 2016, asook in die 2017 Begrotingsoorsig, het die Nasionale Tesourie, byvoorbeeld, aangedui dat dit besig is om faktore wat "die korporatiewe belastingbasis, belastingaansporings en aftrekkings vir oormatige skuldfinansiering insluit" te hersien. Die Tesourie dui aan dat belastingaansporings, direkte oordragte en belasting- en tariefkortings ingesluit, hersien moet word om hulle impak op reële ekonomiese aktiwiteit en werkskepping vas te stel. Waar die koste die voordele oorskrei, sal die aansporing moontlik herroep word.

Die Tesourie dui ten minste in sy 2017 Begrotingsoorsig aan dat die leederskap-belastingaansporing help om vaardigheidsversterking te ondersteun. Dit is na 2022 verleng en word ook aangepas om ondersteuning vir die ontwikkeling van skaars vaardighede te verbeter. Voorts dui die Tesourie daarop aan dat die indiensnemings-belastingaansporing 'n "matig-positiewe" impak op die indiensname van die jeug het, met geen "waarneembare" negatiewe effek nie. Gevolglik is dit na 2019 verleng, ten einde verdere navorsing af te handel.

Alles in ag genome, dui hierdie ontwikkelinge, onder andere, ongelukkig daarop dat onsekerheid rakende langtermynbelastingaanspreeklikheid egter kan voortduur, wat die aansporing om te belê, sal verlaag.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekonoom, Sanlam Beleggingsbestuur